

**Maandag 23 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 1:21 (1933/53- en 1983-vertaling)**

**Ons Verlosser móés uit 'n vrou gebore word om ons volkome te kon verlos (vgl. Art. 18 NGB)**

Jesus is in die liggaam van Maria deur die krag van die Heilige Gees verwek (Gal. 4:4). Alleen deur só uit die mens gebore te word, kon ons Verlosser ook liggaamlik in alle opsigte (behalwe die sonde) aan die mens gelyk word. So kon Hy aan sy liggaam ons mense se liggaamlike doodstraf dra.

Sy hele lewe lank in hierdie menslike liggaam was vir Hom 'n smartlike sterfproses soos wat ons dit eintlik fisiek aan ons eie liggame moes gevoel het: lyding op lyding (honger, uitputting ...) en pyn op pyn (lyfstraf, doringkroon) tot op die uiterste pyn van 'n uitmekaar geskeurde liggaam aan 'n kruishout.

Deur sy geboorte uit 'n vrou het Hy egter nie net ons menslike liggaam aangeneem nie, maar ook ons menslike siel. Beide was vir Hom onontwykbaar, omdat ons mense na liggaam EN siel (gees) verlore (dood) was en daaruit verlos (lewend gemaak) moes word. Ook in sy gees (siel) moes ons Here sy hele lewe hier op aarde óns geestelike doodstraf ondergaan.

Daarom bly dit nou in die liggaamlike en geestelike beproewings elke dag in hierdie lewe ons diepste vreugde as verlostes: ek behoort met liggaam en siel nie meer aan myself nie, maar aan Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 3-1*

*Ds. D (Dirk) Laufs (Emeritus)*